# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Teles, K |
| Type: End of Term 1 Assessment | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: | Grade: 7-S |
| Marks: 10 Marks | Time: 1 hour |

Naam:

---

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 1 uur.
4. Die onderwyseres sal jou deur die oefenvoorbeelde lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

## Afdeling A: Luister en Praat

Vraag 1: Verduideli in jou eie woorde wat jy in die advertensie sien.

- Wat verkoop hulle.
- Wat is die naam van die produk.
- Hou jy van die produk?



Rubriek

| Kriteria | Montlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Informasie (Formeel en Feitlik) | 5 | |
| Woordeskat | 5 | |
| Prente oor tema | 5 | |
| Taalgebruik | 5 | |
| Totaal | 20÷2=10 | |

_______ / 10 (Afdeling A)

# Noak's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Teles, K |
| Type: End of Term 1 Assessment | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 9 March 2022 | Grade: 7-S |
| Marks: 90 Marks | Time: 2 hours 30 minutes |

Naam:

---

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 2½ uur.
4. Die onderwyseres sal jou deur die oefenvoorbeelde lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

## Afdeling A: Lees en Kyk

Vraag 1: Lees die onderstaande storie en beantwoord vrae 1–10.



Tshepiso was 'n waterdraer. Hy het in die dorpie, Osaka, gewoon. Hy het 'n belangrike taak gehad. Hy het daagliks vars water vir sy familie aangedra. Hy het twee groot potte aan 'n stok oor sy skouers gedra. Een pot het 'n kraak in gehad, terwyl die ander een heel en perfek was. Toe hy by die dorpie gekom het, was die gekraakte pot net halfvol met water. Vir twee volle jare het Tshepiso elke dag vars water in die potte vir sy familie aangedra. Sy familie was nie tevrede met die halfvol, gekraakte pot nie.

Die perfekte pot was trots op sy werk en het komplimente ontvang. Dit is mos waarom hy gemaak is. Hy het net so belangrik soos 'n mens gevoel en het die stukkende pot op sy selfsugtige manier geïgnoreer. Sy grootpratery het die gekraakte pot minderwaardig laat voel. Hy het vanaf die stroompie tot in die dorpie die helfte van sy water uitgelek. Die gekraakte pot het die perfekte pot gevra om hom te help om sy kraak reg te maak, maar die perfekte pot was altyd net te besig en kon nie help nie.

Na twee jaar het die gekraakte pot sy gevoelens met Tshepiso gedeel. Hy het nutteloos gevoel. "Ek is skaam oor die kraak in my sy; dit lek water al die pad na julle huis toe. Ek het geen waarde meer nie en moet weggegooi word."

Tshepiso het hartseer gevoel. Hy het nie geweet hoe nutteloos die gekraakte pot gevoel het nie. Hy het geglimlag en sagkens aan die gekraakte pot gesê: "Het jy opgemerk dat daar slegs aan jou kant van die pad pampoene groei en nie aan die kant van die ander pot nie. Ek het altyd van jou swakheid geweet, daarom het ek pampoensaad aan jou kant geplant. Jy gooi die pampoensaad elke dag nat. Sonder jou swakheid sou ek nie pampoene kon kweek nie. "

(Aangepas uit Oxford English for Success Grade 6)

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die beste title vir die storie? (2)

a. Kweek van groente

b. Twee perfekte potte

c. Die gekraakte pot

d. 'n Swaar vrag

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

2.1 Wie is die hoofkarakters in die storie? (2)

a. Tshepiso en die perfekte pot.

b. Tshepiso en die gekraakte pot.

c. Tshepiso en sy familie.

d. Tshepiso en die inwoners van Osaka.

2.2 Wat is die hoofgedagte van die storie? (2)

a. 'n Gekraakte pot wat nutteloos voel.

b. 'n Seun wat groente kweek.

c. Twee potte wat baklei.

d. 'n Perfekte pot wat nutteloos voel.

2.3 Waar vind die storie plaas? (2)

a. in 'n groot stad

b. in 'n dorpie

c. in 'n sirkustent

d. in 'n skool

3. Nommer die vier sinne in die volgorde soos dit in die storie gebeur het. (4)

Tshepiso verduidelik dat hy pampoensade geplant het. __________

Die gekraakte pot praat met die waterdraer. __________

Die gekraakte pot voel beter.

__________

Tshepiso stap daagliks na die stroom toe vir water. __________

4. Dui aan of die volgende Waar of Onwaar is: (4)

4.1 'n antoniem vir die woord 'groot' is reusagtig. _____________

4.2 'n sinoniem vir die woord 'spog' is grootpraat. ______________

5. Beantwoord die volgende vrae: (4)

5.1 Skryf die teenoorgestelde vorm van die woord tussen hakies deur 'n voorvoegsel by te voeg. Die gekraakte pot was ________________ (gelukkig).

5.2 Skryf die woord 'spog' oor deur 'n agtervoegsel by te voeg. Die (spog) pot het gedink dat hy die beste was.

________________

6. Beantwoord die volgende vrae: (4)

6.1 Identifiseer die vergelyking in paragraaf twee en skryf dit neer. _______________________________________________

6.2 Identifiseer die alliterasie in paragraaf een en skryf dit neer.

________________________________________________

7. Onderstreep die korrekte antwoord. (4)

7.1 "Die perfekte pot het gespog met die uitvoering van sy taak" is 'n voorbeeld van (personifikasie/metafoor).

7.2 Die perfekte pot het daarvan gehou om sy eie (drom/beuel/kitaar) te blaas.

8. Som die storie in 3-4 sinne op (ongeveer 30 woorde). (5)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

9. Voltooi die volgende sin. As die gekraakte pot nie water gelek het nie, sou ______________________________________

________________________________________ (1)

10. Watter les kan jy uit hierdie storie leer? (1)

______________________________________________

____________________________________

______ / 35 (Afdeling A)

## Afdeling B : Skryf en Aanbied

### Vraag 2

Skryf 'n brief aan jou vriend(in). Vertel hom/haar van die dag toe jy by die skool in die moeilikheid beland het.

Skryf ten minste vier paragrawe van 80-100 woorde in 'n briefformaat met die korrekte inhoud. Maak seker dat jy die korrekte taal, spelling en leestekens gebruik. Bepland eers jjou brief met 'n kop kaart.

Rubriek

| Kriteria | Moontlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Formaat | 10 | |
| Taal, Spelling en Punktuasie | 10 | |
| Inhoud | 15 | |
| Totaal | 35 | |

_______ / 35 (Afdeling B)


## Afdeling C : Taalstrukture en konvensies


### Vraag 3

Lees die onderstaande gedig en beantwoord vraag 1 - 10.

**Wenke oor hoe om die Suid-Afrikaanse vlag te hang**

Wanneer die vlag horisontaal vertoon word, moet die swart driehoek aan jou linkerkant wees en die rooi gedeelte aan die bokant. As die rooi gedeelte aan die onderkant is, is jou vlag onderstebo.





Die vlag mag nie beskadig word deur daarop te skryf nie. Enige woorde moet onder of langs die vlag geskryf word.

Die vlag moet altyd met respek behandel word. Die vlag mag nooit:

- Toegelaat word om die grond of vloer te raak nie.
- Gedrapeer word oor tafels, podiums, relings, ens nie.
- Gebruik word as bedekking vir monumente, standbeelde, ens. nie.
- Gebruik word om onderklere, badmatte te maak of op ander materiale gedruk word nie.
- Gebruik word vir advertensies wat disrespekvol is nie.

[Aangepas uit http://www.southafrica.info/about/history/flag.htm]

1. Skryf die volgende sin oor en maak die spel- en leestekenfoute reg.
   die Suid-Afrikaanse vlag moet as volg gerespekteer word: dit

maag nie die vloer raak nie oor voorwerpe of standbeelde gebruik word as bedekking nie. (3)

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

2. Besluit watter tipe naamwoord in die onderstaande sinne onderstreep is. Kies die korrekte antwoord uit die woordblok en skryf dit in die oop lyntjies. (1½)

| soortnaam; eienaam; abstrakte selfstandige naamwoord |
|---|

2.1 Die kleur rooi verteenwoordig gewoonlik liefde.

___________________________________________

2.2 Suid-Afrika is 'n diverse land.

___________________________________________

2.3 Ons vlag is baie kleurvol.

___________________________________________

3. Onderstreep die korrekte werkwoord in die onderstaande sinne: (1)

3.1 Baie mense (respekteer/respek) ons landsvlag.

3.2 Suid-Afrika (sal/is) 'n mooi land.

4. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (2)

Alle Suid Afrikaners (moet, sal) _________ ingelig (word, sal word) _________ oor hulle regte.

5. Vul die korrekte voorsetsel in deur dit vanuit die teks te verkry. (1½)

5.1 Die vlag mag nie ________ tafels of stoele vertoon word nie.

5.2 Niemand mag _________ die vlag skryf nie.

6. Skryf die onderstaande sinne oor en verbind dit deur gebruik te maak van die regte voegwoord. (3)

6.1 Die vlag mag nie as onderklere gebruik word nie. Dit moet op die regte manier vertoon word.

______________________________________________________

______________________________________________________

6.2 Daar mag nie op die vlag geskryf word nie. Jy mag wel onder of langsaan skryf.

______________________________________________________

______________________________________________________

6.3 Die vlag moet gerespekteer word. Dit is 'n simbool van ons land.

______________________________________________________

______________________________________________________

7. Kies die korrekte voornaamwoorde in die woordblok om die sinne te voltooi. (3)

| | | |
|---|---|---|
| hierdie; | ons; | sy |

7.1 Die vlag is pragtig ontwerp; ________________ is trots op ons vlag.

7.2 Die vlag het ______________ eie unieke ontwerp.

7.3 Ons moet altyd __________ punte onthou.

8. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies. (2)

8.1 Ek (staan/verstaan) dat reëls gevolg moet word.

8.2 Jy moet altyd jou vlag (respekter/respekteer).

9. Kies die korrekte tydsvorme vir die onderstaande sinne. Gebruik die woorde in die woordblok en skryf dit in die oop lyntjies. (1½)

| Verlede tyd; Teenwoordige tyd; Toekomende tyd |
|---|

9.1 Die President kyk na die vlag. ______________________________

9.2 Ek sal ons vlag respekteer. ________________________________

9.3 Ons skoolvlag het korrek gehang. __________________________

10. Identifiseer die tipe sinne deur die korrekte woord uit die woordblok te kies. (1½)

| stelsin; | bevelsin; | vraagsin |
|---|---|---|

10.1 Wat simboliseer die Suid-Afrikaanse vlag?

_____________________________________

10.2 Moenie ons landsvlag oneer aandoen nie!

_____________________________________

10.3 Ons vlag het ses verskillende kleure.

_____________________________________

_______ / 20 (Afdeling C)